

---

## MARIA-ANTIFONE

**V**erskeie Maria-antifone aan ons bekend is en terwyl vele tot ons vanuit die antieke tye kom, is die sogenaamde vier ANTIFONE VAN DIE GESEËNDE MAAGD die bekendstes.

**D**ierdie vier Antofone word eeue lank tradisioneel tydens die Goddelike Koorgebed gesing en word afwisselend ooreenkomstig die Liturgiese Seisoene wat van krag is, gebruik. Die Antifone word ook tradisioneel aan die einde van die Rosekrans-gebed gebid.

### DIE REGINA CÆLI

KONINGIN VAN DIE HEMEL

### DIE SALVE REGINA

WEES GEGROET HEILIGE KONINGIN

### DIE AVE REGINA CÆLORUM

WEES GEGROET HEMELKONINGIN

### DIE ALMA REDEMPTORIS MATER

MOEDER VAN DIE VERLOSSER

## VERDERE MARIA-ANTIFONE OF MARIA-GEBEDE

### DIE MEMORARE

GEDENK O VROME MAAGD MARIA

### DIE SUB TUUM PRÆSIDIUM

TOT U BESKERMING

---

# DIE REGINA CÆLI

KONINGIN VAN DIE HEMEL

WORD TRADISIONEEL GEDURENDE DIE PAASTYD GEBID

*V*/ Koningin van die hemel, verheug u! Halleluja!

*R*/ Want Hy, wat u waardig was om te dra, halleluja!

*V*/ Het opgestaan soos Hy gesê het, halleluja!

*R*/ Bid vir ons tot God, halleluja!

*V*/ Verheug u en verbly u, Maagd Maria, halleluja!

*R*/ Want die Here het waarlik opgestaan, halleluja!

Laat ons bid:

God, U wat dit nodig geag het  
om die wêreld te verbly  
deur die opstanding van u Seun, onse Here Jesus Christus,  
ons smEEK U:

Laat ons deur sy Moeder, die Maagd Maria,  
die vreugde van die ewige lewe verkry.

Deur [dieselfde] Christus, onse Here. Amen.

---

## DIE SALVE REGINA

WEES GEGROET HEILIGE KONINGIN

WORD TRADISIONEEL GEDURENDE DIE GEWONE JAARTYD GEBID

*V/* Wees gegroet Koningin, Moeder van barmhartigheid;

*R/* ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet!

Tot u roep ons,  
verbanne kinders van Eva,  
tot u smeeek ons  
wat sug en ween in hierdie tranedal.

Rig dan, o Voorspreekster,  
op ons u barmhartige oë  
en toon aan ons na hierdie ballingskap,  
Jesus, die geseënde Vrug van u skoot.  
O genadige,  
o liefdevolle,  
o beminde Maagd Maria.

---

## DIE AVE REGINA CÆLORUM

WEES GEGROET HEMELKONINGIN

WORD TRADISIONEEL GEDURENDE DIE VASTYD GEBID

*V/* Wees gegroet Hemelkoningin;

*R/* wees gegroet, Vorstin van die Engele;

wees gegroet, o Wortel;

wees gegroet, o Poort,

waaruit die Lig vir die wêreld opgestaan het.

Verheug u, roemvolle Maagd, bo almal verhewe;

gegroet u, vol skoonheid,

en bid tot Christus vir ons. Amen.

---

# DIE ALMA REDEMPTORIS MATER

MOEDER VAN DIE VERLOSSER

WORD TRADISIONEEL GEDURENDE DIE ADVENTSTYD GEBID

*V/* Liefdevolle Moeder van die Verlosser,  
hemelpoort en ster van die see,  
staan u gevalle volk by  
soos ons probeer om weer op te staan.

*R/* Die natuur staan verwonderd  
oor die feit dat u die Skepper kon dra  
en steeds 'n maagd bly.  
U, wat Gabriel se blye begroeting ontvang het,  
ontferm u oor ons, arme sondaars. Amen.

---

## DIE MEMORARE

### GEDENK O VROME MAAGD MARIA



edenk o vrome Maagd Maria,  
dit het nog nooit gebeur dat enigiemand  
wat u om beskerming,  
hulp of bemiddeling gesmeek het,  
sonder enige bystand gelaat is nie.



esiel het hierdie vertrou, vlug ek tot u,  
o Maagd bo alle maagde, my Moeder.  
Tot u kom ek,  
voor u kniel ek in sonde en verdriet.



Moeder van die Vleesgeworde Woord,  
verag nie my smeking nie,  
maar verhoor my in u genade. Amen.

---

## DIE SUB TUUM PRÆSIDIUM

### TOT U BESKERMING



ot u beskerming vlug ons,  
heilige Moeder van God,  
verag nie ons smekinge  
noudat ons in nood verkeer nie,  
bevry ons altyd van alle gevaar,  
o glorieryke en geseënde Maagd. Amen.